

Laerskool Edleen  
Maart 2020  
Graad 6



# WISKUNDE

Naam: \_\_\_\_\_

Klas: \_\_\_\_\_

Bladsye: 8

Ouer Handtekening: \_\_\_\_\_

Tyd: 60 minute

Eksaminator: Mev. L Prinsloo

Punte: 50

Moderator: Mev. M Stapelberg

## INSTRUKSIES:

- Lees die vrae stadig en noukeurig.
- Beantwoord AL die vrae op die vraestel.
- Alle bewerkings moet op die toets gewys word. Jy kan nie rofweg papier gebruik nie.
- Skryf netjies.
- Jy mag nie 'n sakrekenaar gebruik nie.

## ANALISE (vir die onderwyser se gebruik)

Vraag	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	
Tema	Meervoudige Keuse Vrae	Uitgebreide Notasie	Nommer in woorde	Bewerkings	Getalsinne	Vloeiendiagram	2D Vorms	Hoeke	Reghoeke en ander vierhoeke	Tyd	Tel tyd aan	Woordprobleme (Optel en Aftrek)	Woordprobleme (Breuke)	Woordprobleme (Breuke)	Lees 'n staatgrafiek	<b>Totaal</b>
Punt	<b>10</b>	<b>1</b>	<b>1</b>	<b>9</b>	<b>1</b>	<b>3</b>	<b>4</b>	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>	<b>2</b>	<b>3</b>	<b>2</b>	<b>3</b>	<b>5</b>	<b>50</b>
Punt ontvang																
Moderator																

**AFDELING A [10]**

**MEERVOUDIGE-KEUSE VRAE**

Trek 'n sirkel om die korrekte letter/antwoord. Voorbeeld: (b)

- 1.1. Wat is die waarde van die onderstreepte syfer.     261 872     (1)
- a. Ene
  - b. 6 000
  - c. 6 TD
  - d. seshonderd duisend
- 1.2. Hoeveel ure is daar in  $2\frac{1}{2}$  dae?     (1)
- a. 60 ure
  - b. 48 ure
  - c. 24 ure
  - d. 36 ure
- 1.3.  $20 - 4(2 \times 2) = 2 \times \underline{\hspace{2cm}}$      (1)
- a. 3
  - b. 2
  - c. 5
  - d. 4
- 1.4. Watter nommer is die grootste?     (1)
- a. 891 996
  - b. 899 976
  - c. 899 796
  - d. 891 999
- 1.5. 297 521 afgerond tot die naaste 1 000 is?     (1)
- a. 297 500
  - b. 297 000
  - c. 300 000
  - d. 298 000

1.6. Bereken:  $\frac{4}{9} + \frac{5}{9} + \frac{2}{9}$  (1)

a.  $1\frac{5}{9}$

b.  $\frac{7}{9}$

c.  $1\frac{2}{9}$

d.  $\frac{8}{9}$

1.7. Watter opsie beskryf die 2D vorm die beste? (1)



- a. Hierdie vorm het 4 sye en word 'n reghoek genoem.
- b. Hierdie vorm het 4 sye en 4 regte hoeke.
- c. Hierdie vorm het 4 reguit sye wat almal ewe lank is.
- d. Hierdie vorm het 4 sye en 4 hoeke. 2 skerphoeke en 2 stomphoeke.

1.8. Watter getalpatroon pas by die volgende reël? (1)

***Vermenigvuldig met 2 en plus 2 by***

- a. 5 ; 12 ; 26 ; 54 ; 110
- b. 2 ; 8 ; 26 ; 80 ; 242
- c. 5 ; 10 ; 20 ; 40 ; 80
- d. 2 ; 6 ; 18 ; 54 ; 162

1.9. Jason se ma moes hom 14:30 by die skool opgelaa het, maar het besig geraak om huis skoon te maak. Toe sy weer op die horlosie kyk besef sy, sy is vreeslik laat. Hoe laat was sy om Jason op te tel? (1)

- a. 1 uur 20 minute
- b. 50 minute
- c. 20 minute
- d. 1 uur 50 minute



1.10. Wat is die verskil tussen 300 000 en 244? (1)

- a. 300 756
- b. 299 866
- c. 300 244
- d. 299 756

**AFDELING B [40]**

**BEWERKINGS EN WOORDPROBLEME**

2. Skryf 803 920 in uitgebreide notasie. (1)

---

3. Skryf die volgende nommer in woorde. (1)

492 711

---

---

4. Werk die volgende somme uit 4.1 tot 4.4 deur **enige metode** te gebruik.

- 4.1.  $985\,397 + 61\,765$  (2)


- 4.2.  $634\,806 - 191\,027$  (2)

4.3.  $4\frac{2}{9} - 2\frac{7}{9}$  (3)

4.4.  $\frac{2}{7}$  van R49 (2)

5.  $(10 \times 3) + 5 \times 2 =$  \_\_\_\_\_ (1)

6. Vind die waarde van A,B en C. (3)




A. \_\_\_\_\_


B. \_\_\_\_\_

C. \_\_\_\_\_

7. Kyk na die volgende 2D vorms en voltooi die tabel. (4)



Prent van die vorm		
Naam van die vorm		Heksagoon
Aantal sye		

8. Benoem die hoek wat hieronder aangedui word? (1)




---

9. Kyk na die volgende 2 vorms. Beskryf hoe hulle dieselfde is en verskil. (2)




---



---

10. Gebruik die onderstaande horlosies om die vrae te beantwoord.

**A**



**B**



**C**



- 10.1. Wat is die tyd op horlosie C in 12-uur tyd. (1)

---

10.2. Hoeveel tyd het verloop vanaf horlosie A na B? (1)

10.3. Skryf die tyd van **Horlosie A** in **24-uur tyd**. (Tyd van dag - n.m.) (1)

11.1. Verskeie lugrederye vereis dat jy vliegtuigkaartjies 14 dae vooraf koop. As Xavier die 10de April wil vlieg, wanneer moet hy sy kaartjie koop? (1)


MAART 2020						
maandag	dinsdag	woensdag	donderdag	vrydag	saterdag	sondag
						1
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15
16	17	18	19	20	21	22
23	24	25	26	27	28	29
30	31					

11.2. Sy vlug styg om 06:55 op. Die vlug is 1 uur en 35 minute lank.  
Hoe laat sal sy vlug land? (1)


12. Louis en twee van sy vriende het gaan visvang. Aan die einde van die dag weeg hulle elkeen hulle vangse vir die dag. Sy eerste vriend het 598kg se vis gevang. Sy tweede vriend het 482kg se vis. Altesaam het hulle drie 1 337kg se vis gevang. Hoeveel kilogram se vis het Louis self gevang? (3)

13. Martha spandeer  $\frac{2}{3}$  van haar sakgeld op kos en klere. Indien haar sakgeld R990 per maand is. Hoeveel geld het sy oor? (2)

14.  $\frac{3}{5}$  van 'n groep kinders is dogters. As daar 24 dogters is, hoeveel kinders is daar in die hele groep? (3)



15. Gebruik die volgende staafgrafiek om die vrae te beantwoord.



- 15.1. Gedurende watter maand verjaar die minste leerders? (1)

- 15.2. Wat is die verskil tussen die verjaarsdae in Mei en Februarie? (2)

- 15.3. Hoeveel leerders is in die hele graad? (2)

**TOTAAL = 50**